Ark Blitz

Gr 1 – Wie sit op die troon van jou hart?

Maats lees: Open 3:20

Kyk mooi na die harte . Is daar 'n verskil? Wat is die verskil? Wat is die kolle? – dit is dinge in jou lewe soos skool, sport, gesin ens.

Natuurlike mens

Ek is nie lief vir Jesus nie. Jesus woon nie in my hart nie. Ek sit op die troon van my hart.

Geestelike mens

Ek is lief vir Jesus. Jesus sit op die troon van my hart en beheer my lewe.

Vleeslike mens

Ek ken vir Jesus maar ek help eerder myself. Ek het Jesus net partykeer nodig. Ek sit op my troon, en Jesus is af, maar nogsteeds in my lewe.

MAAR hoe beweeg ek van die vleeslike hart weer terug na die geestelike hart? Deur te herken en erken. Dis soos asemhaling. In my longe is vuil suurstof. Ek blaas uit deur vir God te sê wat ek verkeerd gedoen het = HERKEN
Ek sê jammer vir God en vir my maatjie omdat ek bv ongeduldig was, want ek weet dat God sê in die Bybel dat ons moet die geduld as vrug van die Gees dra. = ERKEN.
Ek sê dankie dat Jesus vir my ongeduld gesterf het en my vergewe = asem skoon suurstof in. Nou is ek weer terug by die middelste sirkel. Dit is 'n daaglikse proses.

Aktiwiteite:

- Ons speel speletjies om in te oefen hoe beweeg ek van die Vleeslike hart na die Geestelike hart.
- Ons kyk na prentjies en pas dit by die 3 harte.

Ouers: Kyk saam met jul kinders
die fliek: "Inside Out"

Wanneer pas elke karakter by watter Hart?